# KINDERKERK LES: Vrugte van die Gees – Vreugde en Vrede

**Doel van les:**

Ons leer vanaand meer oor vreugde en vrede.

**Ysbreker 1: Gelukkige/hartseer hardloop:** Kinders staan enige plek in vertrek. Hulle moet nou 'n gelukkige gesig maak. Laat hulle dan 'n hartseer gesig maak. Hulle moet nou hardloop op een plek, maar jy gaan uitroep die manier hoe hulle dit moet doen. As jy sê gelukkig, dan moet hulle 'n gelukkige hardloop doen, maar as jy sê ongelukkig, dan moet hulle 'n hartseer, stadige hardloop doen.

**Ysbreker 2: Vreugde wat oorloop:** Gee vir elke groep 'n skinkbord, 'n lang glas 'n halwe koppie asyn, een teelepel koeksoda en 'n halwe koppie water. Laat groepe eerste die halwe koppie asyn by die water voeg en dan die teelepel koeksoda byvoeg. Die mengsel sal oorborrel en uitloop in die skinkbord.

**Vra:** Wat is van die dinge wat julle gelukkig maak? (Gee kans vir kinders om te antwoord.) Mense hou van gelukkig wees, so hulle doen sommer baie dinge om hulself gelukkig te maak. Hulle gaan fliek of gaan met vakansie. Hulle lees boeke of vertel grappe. Maar weet julle om gelukkig te wees, is eintlik iets wat baie met die buitekant te doen het en nie soveel wat in ons harte gebeur nie.

As ek vandag vir jou moet sê ek gaan jou R1 000 gee, dan sal jy seker baie gelukkig wees. Dis iets wat aan die buitekant gebeur en jou gelukkig maak. Die probleem is dat wanneer dinge rondom jou nie te goed gaan nie, dan is jy nie meer gelukkig nie. As jy die R1 000 verloor in plaas van dat iemand vir jou R1 000 gee, dan gaan jy nie meer gelukkig wees nie.

Ons het verlede week gesels oor liefde as 'n Vrug van die Gees en vanaand gaan ons oor nog twee vrugte leer. Die eerste een is vreugde. Wie weet wat vreugde is?

Wanneer iets goeds met jou gebeur, dan is jy gelukkig, maar wanneer iets slegs gebeur dan raak jy gou ongelukkig. God wil hê dat ons vreugde is ons hartjies moet hê wat soveel beter is as net gelukkig wees. Dit is iets wat soos in daai glas gebeur het. Dit kom van die binnekant en borrel uit na buite.

Die tweede vrug wat ons vanaand van leer is vrede. Wie kan my vertel wat vrede beteken?

**Illustrasie:** Neem 'n gewone rekkie en hou dit in jou hand. Sny vooraf rekkie op 'n plek dat dit swakker daar is en as dit ver getrek word dit sal breek. **Vra:** Wie van julle het al vir mamma of pappa hoor sê hulle is gestres of bekommerd? Dalk het jy dit ook al gesê. Hoe dink julle voel dit om gestres te wees? (Gee kinders kans om gedagtes te deel.) Stres kan jou magie sommer snaaks laat voel en jou eintlik so sleg laat voel. Jy worry, worry, worry. Dit kan jou bang laat

voel vir wat dalk kan gebeur.  Dis soos hierdie rekkie.  Stres trek en trek en trek aan jou en uiteindelik breek dit party mense.  (Laat rekkie breek.)  Dis nie hoe God wil hê ons moet leef nie.  Hy wil hê al lyk dinge nie great rondom ons nie, dat ons vrede moet hê.  Dis 'n gevoel in jou hartjie dat God jou sal help al lyk dinge hoe sleg.
Vanaand wil ek vir julle vertel van 'n twee mans in die Bybel wie gestres en ongelukkig kon wees oor wat met hulle gebeur het, maar vol vreugde en vrede was.

**Die tronk in Filippi** (Ons gaan die kinders betrokke kry in hierdie les.  Gebruik blinddoeke of skoenveters, of stukkies lyn om die kinders mee vas te bind na die stuk waar Paulus en Silas met stokkie geslaan is.  Sit van die ligte in vertrek af sodra ons by gedeelte kom waar Paulus en Silas in die tronk gegooi is)

Paulus en sy vriende het 'n hele paar dae in Filippi gebly.  'n Slavin wat 'n bose gees in haar gehad het, het eendag na hulle toe gekom.  Haar base het baie geld uit haar gemaak want sy was 'n fortuinverteller.

"In die Naam van Jesus, gaan uit haar uit!" het Paulus gesê, en toe het die bose gees uit haar uit gegaan.

Die slavin se base was baie kwaad vir Paulus, want nou kon sy nie meer vir hulle geld verdien nie.  Hulle gryp toe vir Paulus en Silas en sleep hulle na die stadsplein.  Hier het hulle die twee aangekla.  "Hierdie Jode maak net moeilikheid hier," het hulle gesê.  "Hulle leer die mense goed wat teen ons wette is."  Al die mense wat daar bymekaar was, was teen Paulus-hulle.

Die stadsbestuurders het hulle toe met die stokke laat slaan.  Toe is hulle in die tronk gegooi en hulle voete is vasgemaak. **(Bind almal se hande vinnig vas.)**  Kan julle dink hoe seer hulle moes gehad het?  Hulle lywe moes seker vreeslik seer gewees het nadat hulle so eina geslaan is.

**Skakel van die vertrek se ligte af. Sê:** Ons kry nou 'n klein idee van hoe dit vir Paulus en Silas moes wees in die tronk.  Maar hulle het nie lekker matte gehad om op te sit nie en dit was seker nog donkerder daar binne.  Hoe sou julle gevoel het as dit met julle gebeur het?  (kry terugvoering.)  Kom ons hoor wat hulle gedoen het.

Teen middernag was Pauls en Silas besig om te bid en te sing.  **Sê:**  Maatjies, kom ons sing ook 'n liedjie.  Lei kinders in Jesus loves me this I know.  Na hulle klaar gesing het, sê:  "Die Bybel sê hulle het gebid ook.  Is daar iemand wat vir ons wil 'n gebedjie sê?"  Skielik het 'n aardbewing die tronk geskud.  **Sê:**  "Kom ons staan op en maak asof hier 'n aardbewing is." Die tronkdeure het oopgegaan en die gevangenes se boeie het losgegaan. **Sê:**  "Kom ons maak gou ons boeie los."  Skakel ligte aan.

En weet julle wat?  Die gevangenes het nie ontsnap nie.  Toe die tronkbewaarder sien dat die deure oop is, het hy gedink hulle is weg en wou hy homself doodmaak, maar Paulus het vir hom

geskree hy moenie, want almal is nog daar.  Die tronkbewaarder en sy hele familie het hulle harte vir Jesus gegee.

Hierdie verhaal is geneem uit:  Gunsteling Bybelverhale vir kinders, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers, Bl296-297

Kan julle sien wat tannie bedoel het met gelukkig wees en vreugde en vrede hê?  Al het dinge aan die buitekant baie sleg gelyk, was Paulus en Silas aan die binnekant vol vreugde en vrede.  Daai vreugde het sommer oorgeborrel.

Wanneer probleme in ons lewens inkom, dan wil die duiwel hê ons moet worry en kla en wil ons vreugde by ons steel.  Ons het die Heilge Gees wat ons kan help om vrede en vreugde te hê selfs deur moeilike tye.

Sluit af met gebed.